

HUWELIKSMAATS SKEP VEILIGE RUIMTES DEUR TE PRAAT EN TE LUISTER

deur Riaan Pienaar soos geskryf vir E-Kerk

Konflik ontstaan dikwels nie as gevolg van die verskille wat ons het nie, maar deur die belewenis wat ons van mekaar het in ons gesprekke met mekaar, oor die verskille. Dit beteken om vir jou maat 'n veilige ruimte te skep in die manier waarop julle met mekaar praat. **Baie probleme wat ons het in die huwelik het, ontstaan nie weens die verskille wat ons het nie, maar op die manier waarop ons oor die verskille praat.**

Die punt is dus dat die manier waarop ons met mekaar praat 'n belewenis skep! Dit skep 'n positiewe of 'n negatiewe belewenis by die hoorder. Jy kan dus presies reg wees in wat jy sê, maar gaan jou maat jou hoor? Ek glo nie. Voor jou maat jou woorde hoor, sien sy of hy jou gesigsuitdrukking, en hoor jou stemtoon. Normaalweg sou jou maat na jou woorde geluister het, maar nou is die waarneming ingestel op jou manier van kommunikeer, en die woorde gaan by hom verby.

Ons onderskat die krag van woorde, want met woorde bou ons mense op, of ons kan mense totaal en al afbreek. Ons huwelik ook. Ons kan met woorde mense na ons aantrek, of ons kan mense wegstoot. Met die woorde wat ons gebruik kan ons dus die onderliggende vrees (of trots) soos ons bespreek het hierbo, wakker maak, en dan het ons huwelik verloor.

Ons moet dus so met mekaar te praat dat ons samewerking kry. Dit beteken dat ons die verwagting het dat my maat my gaan hoor of positief gaan reageer op wat ek sê, en met "positief reageer" bedoel ek nie saamstem nie. **Ek bedoel daarmee dat jy moet wys dat jy jou maat verstaan, en juis daarom is luister so belangrik. Ons skep 'n veilige ruimte in die huwelik deur na mekaar te luister.**

Luister is die moeilikste faset van kommunikasie. 'n Mens sal eerder terugkap, jou eie standpunt in jou eie gedagtes oefen, dit wat jou maat sê filter vir gevaartekens, of dit wat jy moet weerlê.

Luister is daarom die enkele faset van kommunikasie wat regtig intimiteit en nabyheid kan bewerk. Dit kan jou maat die gevoel gee dat haar mening (of syne), waardeur en verstaan word. **Luister is dus liefde, want dit sê vir jou maat dat sy / haar mening vir jou belangrik is. Ja, wanneer jy goed luister verstaan jy jou maat beter, jy is meer op hom / haar en sy / haar verwagtings ingestel en julle geniet die verhouding meer.** Jy weet wat hy gedink het gaan gebeur, of wat sy graag wil hê moet gebeur.

Om na jou maat te luister is toewyding aan jou huwelik, maar ook 'n kompliment. Dit is toewyding om te verstaan. Dit is empatie met jou maat om so te luister dat jy jou voorkeure, belange en aannames opsyskuif en julle huwelik uit sy of haar oë sien.

Om na jou maat te luister is 'n kompliment omdat dit sê: "Ek gee vir jou om." **Skep 'n atmosfeer van veiligheid dat jou maat sonder vrees kan sê wat sy of haar verwagtings is.**



Ds Leon Tait



MAANDBLAD

NG Rietfontein-Suid

JUNIE 2010

2010 - Christus Eerste!

Die grootste herlewingsfaktor in ons gesin?

Herlewings in 'n gesin beteken dat Christus in ons gesin *eerste* en *alles* sal wees! Dit beteken dat ouers en kinders mekaar sal help om te groei en meer soos Jesus te word. Dit beteken dat in 'n gesin die grootste en belangrikste vraag voortdurend sal wees: wat sê die Here hieroor? Wat is Sy wil?

Hoe kan ons dit regkry om herlewings in ons gesinne te bevorder of beter gestel: om mekaar te help om meer te leef soos die Here wil hê?

Natuurlik is daar sommers talle dinge wat kan help bv. ouers se voorbeeld van hoe hul hul geloof prakties uitleef; die rol van die Bybel in gesinne; saam in eredienste die Here aanbid ens.

Ek dink die heel belangrikste herlewingsfaktor in ons gesinne is *biddende ouers*!

- Biddende ouers help 'n gesin om te beleef dat hul in God se teenwoordigheid leef.
- Ouers wat bid benut die heel beste kragbron (Jak 5:16 *Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking*).
- Biddende ouers leer hul kinders om op God gefokus te bly.
- Biddende ouers leer hul kinders om na God se stem te luister.
- Biddende ouers help hul kinders oefen om oor God én met God te praat.
- Een handige riglyn vir biddende ouers om te gebruik wanneer hul hul kinders leer bid, is volgens die vier-kort-sinnetjies-maniër: *Ek het God lief (aanbidding); Ek is jammer(belydenis); Dankie (danksegging) en Asseblief (gebedsveroeke)*.
- Biddende ouers maak kinders sensitief vir die verhooring van gebede en die aanvaarding van God se antwoord (al is dit ook 'n "nee" of "wag 'n bietjie").

Karakterbou vind plaas aan die voete van Jesus. Die effek sal vir die koninkryk en kerk van God ingrypend wees as gesinne weer begin saam bid. Die land en die samelewing sal anders lyk as ouers en kinders saam bid. Ouers offer baie vir kinders op en sal hul alles vir hul kinders gee. Die heel beste wat ons vir ons kinders kan gee is om hul te leer en help om saam met die Here te leef. Van so 'n lewe in 'n naby-verhouding met God is gebed 'n wesenlike deel. Die beste manier om 'n taal te leer praat is deur dit gereeld te hoor en self te probeer praat. Uit 'n boek leer ons moeilik 'n taal praat. Met gebed werk dit ook so. Kinders leer bid deur gereeld hul ouers te hoor bid en saam met hulle te bid. Herlewings in jou gesin is grootliks in jou hande!

Verder verseker Ek julle: as twee van julle oor enige saak op aarde saamstem en daarvoor bid, sal my Vader wat in die hemel is hulle dit laat kry, want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle (Mat 18:19,20)

Ds Leon van Heerden



Onthou Datums



- **6 Junie @ 9h00:** Gemeente-tee na erediens
- **9 Junie:** Skole sluit
- **13 Junie @ 9h00:** Doop tydens erediens
- **16 Junie:** Jeugdag
- **20 Junie:** Vadersdag

Sondag aanddienste vind wel regdeur die vakansie plaas om 17h30

Sien jou daar!



BOOMSLOPING en snoei van bome & struik.
Kontak Ernst by 083 656 4992

ROOIBOS SKOONHEIDSPRODUKTE: Goeie
produkt teen ekseem, ens. Kom kyk gerus ook na
ander bekostigbare geskenke. Skakel Suzette by
076 164 6100

GOLDEN PRODUKTE: geskik vir skoonmaak, gesondheid,
gewigsverlies, versorg. Skakel Ria de Bruin by 079 517 8028

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit
GRATIS in hierdie blaadjie adverteer! Skakel 083 235 0236

SAF-BOB BEGRAFNIS **DIENSTE**

Sê nee vir hoë pryse!!

24 UUR DIENS

Verassings: R5500.00

Begrafnis: R6500.00

Sluit kis, graf, (verassing), kerkfooie
en blomme in (Blaaitjies ekstra)

Theo Steynt - 082 795 0816
Hendrik Bronkhorst - 079 386 4517
1022 Hertzogstraat, Waverley, 0186



SKILDERYE & TUINKUNS *deur Christopher*

Sny hoë kommissie pryse!

Koop **direk** vanaf kunstenaar
oorspronklike olievers
skilderye en tuinkuns.

Iets vir elke smaak!

Skakel Suzette by
076 164 6100



in gesprek met.... REUBEN MOSALO

Reuben wat op 12 Januarie 1962 in die Noordwes provinsie gebore is, het 'n besondere lang verbintenis met die gemeente. As entoesiastiese tuinier was hy vroër werkzaam by 'n vorige leraar van die gemeente, ds. Okkie Raubenheimer, voordat hy gedurende November 1979 voltyds in diens van die gemeente aangestel is.

Sedert 1994 is hy hoofsaaklik verantwoordelik vir die instandhouding van die tuin en terrein by Ekklesia woonstelle.

Reuben is getroud met Martha en hy het twee dogters, Agnes en Patricia. Hy is die enigste inwonende personeellid, en as gevolg van vervoerprobleme kan hy slegs naweke na sy tuiste in Moloto gaan.



Anders as wat 'n mens sou verwag, stel hy nie juis belang in sokker nie, maar is baie entoesiasties oor boks, langafstand wedlope, asook fiets-wedrenne. Hy en nog 'n vorige leraar van die gemeente, ds. FP Human, het nie net baie kilometers as oefenmaats in drafskoene afgelê nie, maar ook saam aan die Magnolia Marathon deelgeneem.

'n Paar ander interessante brokkies oor Reuben is dat sy geliefkoosde gereg hoender met tradisionele stywe pap is, dat hy 'n bekwame sweiser, is en hy teen alle vorme van geweld gekant is. Hy glo ook dat meningsverskille deur middel van dialoog opgelos moet word. Hy het ook nie 'n besondere voorliefde vir televisie nie, en indien hy nie na sy gunsteling sportsoorte kan kyk nie, luister hy eerder na Radio Tshwana.

Dit is voorwaar 'n voorreg om só 'n getroue werknemer vir só 'n lang tyd by die gemeente in diens te kan hê!

TAAKSPAN VIR OMGEEGROEPE

Tydzaam stap ek in 'n christelike boekwinkel tussen die rakke deur en bekyk vlugtig die verskeidenheid leesstof beskikbaar. Skielik steek ek vas - die titel van 'n boek het my aandag getrek – “Have a New Teenager by Friday”. Nou kyk!! As 'n ding te goed klink om waar te wees, is dit heelwaarskynlik presies so. Net daar en dan besluit ek om aan te beweeg en my geld veilig in my beursie te stoor.

Aan die anderkant – hoekom sal ek my tiener wil verander wat eintlik so uniek is.

Die voorval het my laat dink aan kind van die Here wees. Bitter graag sou ek 'n “kitsoplossing” wou hê om teen “Vrydag” die perfekte kind van Christus te wees. Die werklikheid is dat dit 'n lewenslange proses is. Dit verg iets van my om 'n verhouding met Jesus te hê. Om daagliks met Hom te kan wandel en om myself aan my medemens beskikbaar te stel.

Dit bring my by die punt van Omgeegroep – die hartklop van ons gemeente. Dit is waar oefenruimte geskep word vir geestelike groei, mekaar bedien, gawes ontdek en uitgeleef word. Die plek waar die fokus van myself 'n bietjie kan verskuif word na die behoeftes van 'n ander.

Ons bestaan tans uit die volgende 17 Omgeegroep:

Omgeegroep: Bybelstudie Omgeegroep, Immergroen vir Jesus Omgeegroep, Tait vir Jesus Omgeegroep, Kuierhoekie Omgeegroep, Jeug Omgeegroep, Elim Omgeegroep, Andreas Omgeegroep, Filadelfia Omgeegroep, Thomas Omgeegroep, Witklippies Omgeegroep, Vreugdegroep, Taddeus Omgeegroep, Damaskus Omgeegroep, Alfonso Omgeegroep, Môrekruis Omgeegroep en Houtkruis Omgeegroep.

My uitdaging aan elkeen wat nog nie betrokke geraak het nie – om dit werklik 'n saak van gebed te maak, die wilsbesluit te neem om in te skakel en deel te wees van die groot prentjie van “Die Gemeente wat vir almal OMGEE” en ook dat Christus Eerste! in ons lewens is.

Elkeen van ons is UNIEK en ons het mekaar nodig om werklik dissipels van Jesus te wees!

VISIE VAN DIE OMGEEGROEPE-TAAKSPAN:

Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroep mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.

Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591

Taakspan vir Gesinne

Sukcesvolle huwelike, ouerskap en gesinne

God het dit so bestem dat gesinne en huwelike onder die mees basiese boublokke van die samelewing tel, en dat die gesin die ideale eenheid is waarin kinders ontwikkel. Natuurlik is die sleutel tot gesonde en suksesvolle gesinsverhoudinge daarin dat die huweliksverhouding en ouer-kind verhoudinge geskoei is op die liefde van Christus. Daarom werk ons gemeente, NG Rietfontein-Suid, deur middel van die Taakspan vir Gesinne daartoe mee om lidmate en die gemeenskap toe te rus in hulle rolle as huweliksmaats en as ouers.

Vir 2010 sluit die werksaamhede van die taakspan die volgende in:


- Die pas afgelope huweliksverryking waar dr. Arnold Mol en sy vrou, Joy, die sprekers was. Die naweek is bygewoon deur getroudes, verloofdes en verliefdes.
- Reël van 'n prettige gesinskamp wat dv oor die naweek vanaf 8-10 Oktober 2010 gaan plaasvind by Emmerentia Geldenhuys kampterrein naby Warmbad.
- Om tydens Moedersdag en Vadersdag iets te doen om aan moeders en vaders te toon dat die gemeente hulle spesiale rol raaksien.
- Reël van 'n huwelikstoerustingskursus vir getroudes en verloofdes (die kursus strek gewoonlik oor 5 weke).

Die taakspan wil graag meewerk tot die uitbreiding van die gemeente se manne-bediening, enkelouers, en ook geskeide persone.

Indien jy betrokke wil raak by die taakspan vir Gesinne se werksaamhede, of 'n geleentheid of kursus wil bywoon, kontak gerus vir Bertus Theron by 082 532 4097 of altheron@iafrica.com



*Man-en-Vrou “knieskyf-sessie”
tydens die onlangse
huweliksverryking*



Here, ons het 'n moeë generasie geword!
Ons is moeg gewerk, moeg vir probleme,
Moeg vir mense.

Ons het veral moeg geword
Om alles altyd reg te doen.

Om aanvaarbaar te wees, móét ons
Suksesvol, begaafd en finansiëel sterk wees
Met duidelike doelwitte.

Verder moet ons goeie ouers, lojale vriende,
Toegewyde familiemense
En betrokke gemeenskapwerkers wees.
Sjoe, dis 'n oorvol mondvoll!

Vandag wil ek sommer net by U kom rus
En vra dat U my die regte prioriteite sal wys.
Sal U my help onderskei tussen die dinge
Wat regtig saak maak en die
Dinge wat die wereld ons probeer voorskryf?
Ja, help my om te weet wat vir U belangrik is.

Maak huis skoon met my, Here.
Verwyder die selfopgelegde eise
In my oorvol lewe
En leer my om sommer net U kind te wees.

In U naam vra ek dit,

Amen

Aangebied deur:
NG Rietfontein-Suid

11 September 2010

Vanaf 07:00 tot 15:00

Hoër Tegniese skool John Vorster
Meyerstraat, Villieria

Besikbaar:

- Koffiekring
- Wit Olifant
- Vlooiemark
- Speletjies
- Boeresport
- Vars Produkte
- Jaffels
- Slaptjips
- Koeldrank
- Sosaties
- Hotdogs
- Pannekoek
- Nagereg
- Koek

Potjiekos Kompetisie!

KONTAK:

Frieda @ 083 235 0236

frieda2@mtnlodded.co.za

Spesiaal aan al die pappas.....

Ek dink terug aan gister
Ek was klein en hulpeloos
En as trane in my oë glinster
Kon jou woorde my vertroos



Daar was tye – ek onhou dit goed
As jy jou vaderlike plig moes doen
En ek vir my stoute dinge moes boet
Maar vanaand – het jy my weer nag kom soen

En as tye swaar raak – die lewe te hard word
En as die dae donker om my kom storm
Kan ek sien ek het net sterker geword
Deur jou woorde nuut gevorm

Vandag is ek 'n volwasse mens
En ek moet self deur probleme beur
Maar ek kan my altyd terug wens
Na die daardie dae – keer op keer

En al is jy nie nou hier by my nie
Sal ek altyd jou woorde onthou
Die lewe is nie altyd maklik nie
Maar bly net aan God getrou

Ek onthou die tyd langs die etenstafel
Met jou bybel oop voor jou
Dan probeer ek die storie ontrafel
Ja, daardie dae kan ek goed onthou

Vandag is die dag wat ek wil dankie sê
Vir die liefde en geduld met my
En eendag kan ek vir my kinders sê
Wat 'n wonderlike pa was jy.

Gelukkige Vadersdag!!



Wit Olifant



Al ons voorrade is gedurende 2009 karnaval uitverkoop!

Ons soek asb. dringend na enige goedere in 'n bruikbare en werkbare toestand, bv. boeke, klere, speelgoed, kombuisware, ornamente, juwele, meubels, elektriese toestelle, cd's en dvd's of enige items wat in jou pad is!

Kontak Frieda by 083 235 0236, frieda2@mtnloaded.co.za
Vir afhaal, of lewer af by 698 Michael Brinkstraat & (h/v 16de laan)

DVD'S & CD'S

Huweliksverryking-dr Arnold Mol: Seminaar (Vrydag & Sat) @ R50
Afsluiting (Sondag) @ R35

Pinksterreek: 6-stuk dvd-stel @ R150
6-stuk cd-stel @ R70

Alle kredienste is ook beskikbaar @ R35 per dvd & R15 per cd



Bestel by **MI toonbank** of skakel Tertia by 076 188 4054

***Hierdie Rietfluit kan ook
elektronies afgelaai word vanaf die
gemeente webwerf
– besoek gerus:***




**www.rietfontein-suid.ng.org.za
www.rietfontein-suid.ng.org.za
www.rietfontein-suid.ng.org.za**

Nuwe Intrekkers



Andries, Janina & Jenevieve
Ooosthuizen



Andry, Chandre, Lezani &
Stefan Gouws



Flip & Adri Langenhoven



Klaas Bornman



Jaco Botha & Michelle Kleynhans



Henry Jacobs

Alle dank aan ons Hemelse vader dat Hy ons so
mildelik seën met nuwe lidmate!
Here, ons ontvang hulle hartlik, gebruik hul
tot u eer!



Ben & Lynette Stroebel



Blackie & Elzie Swart

WELKOM-dit is 'n voorreg om julle in ons midde te hê!
Mag julle sommer vinnig deel voel- en wees van ons
lieflike Christus-familie by NG Rietfontein-Suid

Ds Leon van Heerden: 083 660 1803

Ds Leon Tait: 082 601 4235

Kerkkantoor: (012)331-3531

Redaksie: 083 235 0236

Webblad: www.rietfontein-suid.ng.org.za